Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 10

## NOVEMBER 2019

# REKENINGKUNDE V1

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

*XACCA1*

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye, 'n 1 bladsy-formuleblad en 'n 9 bladsy-antwoordeboek.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. ŉ Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin AL die vrae beantwoord moet word.
3. ŉ FORMULEBLAD vir finansiële aanwysers is by hierdie vraestel aangeheg. Jy mag dit gebruik indien nodig.
4. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag ŉ donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon alle bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. ŉ Uiteensetting van die vrae word voorsien. Probeer om by die voorgestelde tyd vir die beantwoording van elke vraag te hou.

| **VRAAG 1: 25 punte; 20 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Rekeningkundige begrippe, Rekeningkundige vergelyking** | • Begrippe<br>• Rekeningkundige vergelyking |
| | |
| **VRAAG 2: 73 punte; 58 minute** | |
| **Onderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer** |
| **AARP-beginsels. Inkomstestaat, Nota, Balansstaat en Interne beheer** | • Inkomstestaat, Balansstaat en Nota<br>• Interne beheer |
| | |
| **VRAAG 3: 27 punte; 22 minute** | |
| **Onderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Vertolking van Finansiële State** | • Begrippe<br>• Berekening van finansiële aanwysers<br>• Vertolking van finansiële state |
| | |
| **VRAAG 4: 25 punte; 20 minute** | |
| **Onderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Salarisse, Interne beheer** | • Salarisjoernaal<br>• Interne beheer oor Salarisse |

## VRAAG 1: REKENINGKUNDIGE BEGRIPPE EN REKENINGKUDIGE VERGELYKING (25 punte; 20 minute)

### 1.1 BEGRIPPE

Kies die korrekte woord(e) uit KOLOM A om by die beskrywing in KOLOM B te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | Eienaarsbelang | A | Die dokument word gebruik om klein bedrae wat vir aankope uitgereik is, aan te teken |
| 1.1.2 | Onttrekkings | B | Die dokument word gebruik om goedere wat op rekening verkoop is, aan te teken |
| 1.1.3 | Kleinkasbewys | C | Geld wat deur die eienaar van die onderneming vir persoonlike gebruik, onttrek word |
| 1.1.4 | Duplikaatfaktuur | D | Bronne van verdienste vir die onderneming |
| 1.1.5 | Inkomste | E | Geld wat deur die eienaar in die onderneming belê is |
| | | F | Die eienaar se netto belegging in die onderneming |

(5)

### 1.2 REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

**GEVRA:**

Ontleed die volgende transaksies volgens die formaat wat in die antwoordeboek voorsien word.

1.2.1 Koop handelsvoorraad op krediet van Emon Voorsieners vir R8 000.

1.2.2 Verkoop goedere op krediet aan X. View vir R3 400. Goedere word verkoop teen ŉ winsopslag van 60% op die kosprys.

1.2.3 Die eienaar het besluit om sy kapitaal van R500 000 met 20% te verhoog deur ŉ tjek direk in die onderneming se bankrekening te deponeer.

1.2.4 ŉ Tjek is van G. Gift ontvang as betaling van sy rekening nadat ŉ korting van 5% aan hom vir vroeë betaling toegestaan is. (20)

**25**

## VRAAG 2: AARP-BEGINSELS, INKOMSTESTAAT, BALANSSTAAT EN INTERNE BEHEER

**(73 punte; 58 minute)**

### 2.1 AARP-BEGINSELS

Kies ’n kategorie uit die lys voorsien vir elke voorbeeld hieronder. Skryf slegs die kategorie langs die vraagommer (2.1.1–2.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| Historiese kostesreël; omsigtigheidsbegrip; besigheidsentiteitsreël; wesenlikheidskonsep; lopende-saak konsep |

2.1.1 Wees konserwatief en realisties in die openbaarmaking van inligting.

2.1.2 Items wat van belang is, moet afsonderlik behandel word.

2.1.3 Die besigheid en die sake van die eienaar moet afsonderlik gehou word.

2.1.4 Bates word altyd teen die oorspronklike kosprys weerspieël. (4)

2.2 Die inligting hou verband met **LOLO HANDELAARS** vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2019.

**GEVRA:**

2.2.1 Met inagneming van die aansuiwerings (INLIGTING B) hieronder, voltooi die INKOMSTESTAAT (Staat van Omvattende Inkomste) vir die jaar geëindig 30 Junie 2019. (40)

2.2.2 Stel die NOTA vir eienaarsbelang tot die Balansstaat (Staat van Finansiële Posisie) op. (7)

2.2.3 Stel die Ekwiteit en Laste-afdeling van die Balansstaat op. (11)

2.2.4 G. Grey, die eienaar van LOLO Handelaars, is besorg oor die grootte van sy tekort op die handelsvoorraad.

(a)
- Wat is die oorsake vir die tekort in handelsvoorraad? Gee TWEE punte.
- Stel TWEE realistiese maatreëls voor om die tekort op die handelsvoorraad te beheer en te verminder. (8)

(b) Die rekenmeester het die eienaar (G. Grey) aangeraai om die vaste deposito in te betaal en die geld te gebruik om ’n deel van die lening af te betaal. Stem jy saam met die rekenmeester? Gee ’n rede vir jou antwoord. (3)

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel van die vooraansuiweringsproefbalans van Lolo Handelaars vir die jaar geëindig 30 Junie 2019**

| | |
|---|---|
| Kapitaal | 1 000 000 |
| Onttrekkings | 42 600 |
| Grond en geboue | 4 000 000 |
| Voertuie | 780 000 |
| Toerusting | 350 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie (01/07/2018) | 468 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting (01/07/2018) | 105 000 |
| Vaste deposito (rente van 8% p.j.) | 200 000 |
| Handelsvoorraad | 418 400 |
| Debiteurekontrole | 280 200 |
| Oortrokke bankrekening | 124 000 |
| Lening: BM Bank (12% p.j.) | 652 000 |
| Krediteurekontrole | 380 000 |
| Verkope | 4 350 000 |
| Debiteurafslag | 18 000 |
| Koste van verkope | 2 900 000 |
| Huur inkomste | 200 700 |
| Oninbare skulde verhaal | 1 800 |
| Rente in vaste deposito | 9 000 |
| Skryfbehoeftes | 2 100 |
| Telefoon | 9 000 |
| Versekering | 12 100 |
| Oninbare skuld | 3 800 |
| Bankkoste | 1 200 |
| Verbruiksgoedere | 4 000 |

**B Addisionele inligting en aansuiwerings:**

1. Goedere word teen ŉ winsopslag van 50% op kosprys verkoop.
2. ŉ Kredietnota vir R12 000 is aan ŉ debiteur uitgereik vir die terugbesorging van goedere, wat totaal beskadig is. Geen inskrywings is vir hierdie transaksie gemaak nie.
3. Lolo het voorraad teen kosprys, R4 800, vir haar eie gebruik geneem. Dit is nog nie opgeteken nie.
4. Die voorraadopname het aan die lig gebring dat die volgende op 30 Junie 2019 voorhande was:
   - Handelsvoorraad, R406 100
   - Skryfbehoeftes, R500
   - Verbruiksgoedere, R800
5. - Die volgende inskrywings verskyn in die bankstaat vir Junie, maar was nog nie in die boeke van die onderneming opgeteken nie:
   - Bankkoste, R1 000,
   - ŉ Direkte deposito van ŉ debiteur wie se skuld voorheen as oninbaar afgeskryf is, R1 200.

6. ŉ Debiteur, C. Coward, is insolvent verklaar. Hy skuld R1 500. Sy insolvente boedel sal 60c in die rand uitbetaal en die res moet as oninbaar afgeskryf word.
7. Die huurinkomste is op 1 Maart 2019 met R900 verhoog. Die huurder het nog nie die huur vir Junie 2019 betaal nie.
8. Uitstaande rente op vaste deposito moet in ag geneem word. Die vaste deposito is op 1 Oktober 2018 belê. Rente op vaste deposito word nie gekapitaliseer nie.
9. ŉ Versekeringspremie van R5 600 is op 1 April 2019 vir die tydperk 1 April 2019 tot 31 Oktober 2019 betaal.
10. Die leningstaat van BM Bank op 30 Junie 2019 dui die volgende aan:

| | |
|---|---|
| Saldo op 1 Julie 2018 | R665 600 |
| Totale betalings vir die jaar, rente ingesluit | R103 200 |
| Saldo op 28 Junie 2019 | R652 000 |
| | |

- Die rente vir die jaar moet gekapitaliseer word.
- R70 000 word as kapitaal in die volgende finansiële jaar op die lening afbetaal.

11. Waardevermindering vir die jaar beloop R195 150.
12. Die telefoonrekening vir Junie 2019 is nie betaal nie, R1 600.
13. Die eienaar het ŉ verdere R100 000 in die onderneming belê om haar kapitaalbydrae te verhoog. Dit is behoorlik opgeteken.

**73**

## VRAAG 3: REKENINGKUNDIGE BEGRIPPE EN VERTOLKING

**(27 punte; 22 minute)**

3.1 **REKENINGKUNDIGE BEGRIPPE**

Dui aan waar ELK van die volgende items in die finansiële state geplaas sal word deur 'n term uit die onderstaande lys te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| bedryfsuitgawes; bedryfsbates; niebedryfslaste; bedryfsinkomste; niebedryfsbates; bedryfslaste |

3.1.1 Beleggings soos ŉ vaste deposito teen 8% p.j. rente oor ŉ tydperk van vyf jaar.

3.1.2 Handelsvoorraadsurplus.

3.1.3 Verbandlenings om die aankoop van nuwe eiendom te finansier.

3.1.4 Verbruiksgoedere wat nie aan die einde van ŉ finansiële jaar gebruik word nie. (4)

3.2 Die inligting is uit die rekeningkundige rekords van **Asanda's** geneem op 28 Februarie 2019, die einde van die finansiële jaar.

**GEVRA:**

3.2.1 Bereken die volgende finansiële aanwysers.

- Bedryfswins op verkope (3)
- Vuurproefverhouding (3)
- Opbrengs op die gemiddelde eienaarsbelang (5)

3.2.2 Lewer kommentaar of die onderneming minder of meer winsgewend was as verlede jaar. Haal ŉ finansiële aanwyser met syfers aan om jou mening te staaf. (3)

3.2.3 Lewer kommentaar op die likiditeit van die onderneming. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan om jou mening te staaf. (5)

3.2.4 Dink jy die eienaar behoort tevrede te wees met die opbrengs op die gemiddelde eienaarsbelang? Verduidelik deur syfers aan te haal. (4)

**A. Inligting verkry uit die algemene grootboek van Asanda op 28 Februarie 2019. Die teiken winsopslag is 60% op die koste.**

| | | |
|---|---|---|
| Verkope | R1 200 000 | |
| Koste van verkope | 800 000 | |
| Ander inkomste | 100 000 | |
| Bedryfsuitgawes | 200 000 | |
| Bedryfswins | 300 000 | |
| Netto wins | 160 000 | |
| Handelsvoorraad | 210 000 | |
| Bedryfsbates | 400 000 | |
| Vaste/Tasbare bates | 2 100 000 | |
| Niebedryfs/Langtermynlaste | ? | |
| Eienaarsbelang (01/03/2018) | 400 000 | |
| Eienaarsbelang (28/02/2019) | 900 000 | |
| Bedryfslaste | 240 000 | |

**B. Finansiële aanwysers op 28 Februarie:**

| | **2019** | **2018** |
|---|---|---|
| Bedryfskapitaalverhouding | 1,7 : 1 | 3,5 : 1 |
| Vuurproefverhouding | ? | 1,6 : 1 |
| Solvensieverhouding | 1,6 : 1 | 2,9 : 1 |
| % opbrengs op die eienaarsbelang | ? | 34,2% |
| % netto wins op verkope | 12,6% | 18,3% |
| % werklike winsopslag behaal | 50% | 60% |
| % bedryfswins op verkope | ? | 26% |
| % bedryfsuitgawes op verkope | 16,7% | 18% |

**27**

## VRAAG 4: SALARISJOERNAAL EN INTERNE BEHEER

**(25 punte; 20 minute)**

### 4.1 SALARISSE

Die volgende inligting is uit die rekords van EC Diensstasie vir April 2019 gehaal.

**GEVRA:**

4.1.1 Voltooi die SALARISJOERNAAL van EC Diensstasie vir die maand van April 2019. (14)

4.1.2 Hoeveel het dit EC Diensstasie in totaal gekos om D. Dan vir die maand April 2019 in diens te neem? (4)

4.1.3 Wat interne beheer betref, wat moet ŉ effektiewe beleid rakende salarisse en lone behels? Noem enige TWEE punte. (4)

**INLIGTING:**

**A. Basiese salaris en aftrekkings:**

| **Werknemers** | **C. Can** | **B. Breeze** | **D. Dan** |
|---|---|---|---|
| **Basiese salaris** | R122 400 p.j. | R10 000 p.m. | R144 000 p.j. |
| **Aftrekkings:** | | | |
| SA Pensioenfonds | 8% | 8% | 8% |
| Care Mediesefonds | ? | ? | ? |
| LBS | R1 500 | R1 250 | R1 800 |
| WVF | 1% | 1% | 1% |
| **LET WEL:** Mediesefonds is R500 per gesinslid per maand. C. Can is getroud met twee kinders, B. Breeze is onlangs getroud en D. Dan is ongetroud. | | | |

**B. Werkgewersbydraes:**

- EC Diensstasie het 10% van die werknemers se basiese salarisse tot SA Pensioenfonds bygedra.
- EC Diensstasie dra op ŉ Rand vir Rand-basis tot die WVF by.
- EC Diensstasie dra R2 by vir elke R1 wat die werknemer aan die Care Mediesefonds betaal.

4.2 Die onderstaande **salarisskaal** is opgestel vir J. Jerry, ŉ sekuriteitswag wat op 1 Januarie 2019 by **Let's Hope Handelaars** werksaam was.

| R288 000 x R14 400 →R331 200 x R22 600→R376 400 x R28 400→R433 200 |
|---|

**GEVRA**

4.2.1 Wat is J. Jerry se maandelikse beginsalaris? (1)

4.2.2 In watter jaar van diens sal J. Jerry ŉ jaarlikse salaris van R404 800 verdien. (2)

**25**

**TOTAAL: 150**

| GRAAD 10 REKENINGKUNDE: | | |
|---|---|---|
| $\frac{\text{Brutowins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Brutowins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Nettowins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | |
| Bedryfsbates **:** Bedryfslaste | (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | |
| (Handel en ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | | |
| $\frac{\text{Nettowins}}{\text{Eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$ | Totale bates **:** Totale laste | |

Kopiereg voorbehou